**Reeks:** Geloofsgewoontes wat Lewe gee...
**Titel:** ... *Letting Go*
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 11 September 2011

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

---

"If God gives such attention to the appearance of wildflowers, most of which are never even seen, don't you think He'll attend to you, take pride in you, do His best for you? What I'm trying to do here is to get you to relax, to not be so preoccupied with getting, so you can respond to God's giving. People who don't know God and the way He works fuss over these things, but you know both God and the way He works. Seep your life in God reality, God initiative, God provisions. Don't worry about missing out. You'll find all your everyday human concerns will be met. Give your entire attention to what God is doing right now and don't get worked up about what may or may not happen tomorrow. God will help you deal with whatever hard things come up when the time comes."
**Mat 6:30-34 (MSG)**

Toe Jesus op aarde was het Hy dikwels mense uitgenooi om Hom te volg, en dan het Hy hulle gevra om iets te laat gaan in hulle lewens. So kom daar 'n ryk man na Hom toe. Ek dink die ou was besig om oor te gaan na die tweede helfte toe van die lewe, midlife, want hy sê vir Hom, maar ek het 'n goeie besigheid, baie suksesvol. Ek het 'n vervullende lewe gehad. Ek is ook baie godsdienstig. Ek hou die wette. Ek het die gebooie nagekom, my vrou liefgehad, getrou gebly aan haar. Ek het al hierdie goed gedoen, maar wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?

Ons kan dit maklik verkeerd verstaan. Hy vra nie vir Jesus hoe kan ek hemel toe gaan nie. Die uitdrukking wat hy gebruik, Olam ha-Ba, was eintlik 'n verwysing na hoe kan ek ten volle lewe en nou in die lewe ingaan wat nooit sal ophou nie. Ek kort iets in my lewe. Daar is... there is a missing piece. Here Jesus, kan U my help daarmee? Jesus sê vir hom, verkoop jou goed, gee dit aan die armes, dan kom jy hier, dan volg jy My.

Die Bybel sê hy het baie bedroef weggegaan want hy het baie gehad en dit was vir hom net te moeilik om dit te doen. Van ander vra Hy om hulle besigheid te los. Vir party mense sê Hy as jy agter My wil aankom dan moet jy jou huis los en dan moet jy saam met My kom reis vir 'n tydperk in jou lewe. Vir party sê Hy jy moet jou vriende los, jou familiekring, so dit is fisies, dit is sosiaal.

Dis partykeer emosionele goed wat Hy vra om te los. Hy sê vir hulle, jy moenie vashou aan jou reputasie nie. Jy weet, daardie ding wat die boere sê, al wat jy het is jou naam? Ek sê vir jou dit is nie so nie. Gooi jou naam ook weg. Sleep jou naam deur die modder as jy agter My wil aankom. Wee jou as almal van jou goed praat, sê Jesus. Moenie so vashou aan 'n reputasie nie, dis nie alles nie. Laat dit ook gaan as jy agter My wil aankom.

Nou, dit is merkwaardig. Jesus het nie vir almal presies dieselfde ding gesê om te doen nie. Jesus het nie vir almal gevra om dit vir altyd te doen nie, moes dalk net vir 'n tydperk in sy lewe wees om dit te doen, maar geen wonder Jesus sê voordat jy hierdie besluit neem, dink eers 'n bietjie daaroor en gaan bereken eers die koste. Kyk mooi wat gaan dit jou kos voordat jy bereid is om agter My aan te stap.

Wat doen Jesus? Hoekom doen Jesus dit? Wat Jesus besig is om te doen is om hulle uit te nooi om op Sy manier te kom lewe. Om die Bybel se woorde en terminologie te gebruik, Hy nooi hulle uit om deel te word van sy Koninkryk. Koninkryk is Hy is die Koning. Sy wêreld. Hier geskied dit volgens My wette op My manier. Kom lewe hier op my manier. Ek sal sê hoe gebeur dinge hier. Dis Koninkryk.

Die dissipels het ook dadelik gedink aan 'n letterlike koninkryk. Dis hoekom hulle vir Hom sê nou gaan ons Israel... Israel is die grondgebied, nê, en ons... wie gaan visie president... en Jesus sê, nee, nee, nee, nee, nee, My Koninkryk in binne in jou. Dit is... dit is enige land. Enige plek kan jy deel wees van hierdie Koninkryk. Dis in die gees, hierdie ding wat ek van praat. Dit is My manier van lewe, so as... wat Jesus hier besig is om te doen is om hulle oor te nooi na 'n ander manier van lewe, 'n ander wêreld, 'n ander ingesteldheid, soos wat Hy leef.

Paulus brei uit op hierdie Koninkryk, in Romeine 14:17 en sê dat die Koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar is geregtigheid, vrede en blydskap in die Heilige Gees. Jesus sê Ek het gekom om vir julle lewe en lewe in oorvloed te gee. As jy in hierdie lewe instap dan begin jy regtig te lewe, dan kry jy vryheid, 'n nuwe vryheid wat jy


**© 2011 Mosaïek**

nooit geken het nie.  Jy kry 'n vrede.  Jy kry 'n diep, diep blydskap wat jy nooit in jou lewe geken het nie.  Dit is hoekom Hy dit doen.  Dit is wat Hy besig is om te doen as Hy met...

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Jesus het nie 'n selfgeldingsdrang nie, behoefte, nie.  Hy het nie 'n ego problem, kom, kom, kom, laat Ek gesag oor mense kan uitoefen.  Kom volg My nou dan doen julle wat Ek vir julle sê dan.  Ek voel beter as Ek 'n paar ouens onder My het.  Dis nie Jesus nie.  Hy doen dit vir hulle, Sy Koninkryk, vir lewe vir hulle, want Hy weet hoe werk ons.  Hy weet wat gaan binne in ons aan die gang.

Kyk, ons het 'n geneigdheid, dis deel van menswees, om te verkleef, om te verbind, om verknog te raak aan iets of iemand.  Deur wat ons ervaar begin ons op 'n sekere manier te dink aan iets of iemand.  Ons begin sekere emosies te beleef rondom dit, gevoelens te kry rondom dit.  Ons wil, ons begeerte begin daarna te gaan en ons het hierdie diep desires vir sekere goed.

Ons skryf vir onsself 'n geluksprogram, almal van ons, en nie een van ons se geluksprogram lyk dieselfde nie, nie een van ons nie, maar ons dink as ek net dit kan hê dan sal ek lewe, dan sal ek Olam ha-Ba.  Dan sal ek lewe hê wat bruisend en borrelend is en wat vir altyd sal kan aanhou, wat die jong man gevra het, en party van ons sê as ons net goed kan kry.

'n Ander een sê as ek net daardie verhouding kan hierdie met daardie persooon.  Ons sê dit ook: ek sal nie sonder jou kan lewe nie.  Ons sing dit.  Sonder jou sal ek nie kan lewe nie.  Jy is my lewe.  As ek jou verloor het ek niks meer oor nie, dan is die lewe...  dan het ek my sin verloor, dan het ek nie meer...  dan het ek nie meer blydskap nie.  Dit is waar ek dit kry, in my verbintenis met jou.  Ek is ge-attach aan jou, so ons kan attach aan baie goed.  Baie goed en dinge kan ons attach.

Iemand wat ek ken wat heelwat studie, eintlik 40 jaar se studie, agter rug het net in hierdie geluksprogramme sê dit lyk vir hom dit kom neer op drie goed.  Dis die drie goed waarmee Jesus versoek is, aan sekuriteit en oorlewing, dis aan dinge.  Dit is aan erkening en aanvaarding, dis verhouding, dis affection, dis love, dit is dit wat ons wil hê.  Dan is dit aan mag en beheer.  Dis om te kan kry en te kan doen wat ek wil hê dit moet gebeur.

Dis asof al ons geluksprogramme neerkom op hierdie drie groot behoeftes wat ons op een of ander manier vleg hier binne in ons om dit te kan regkry, so as Jesus na die mense toe kom en vra, los dit, dan spreek Hy hulle geluksprogramme aan en Hy kyk deur iemand en Hy weet presies waaroor hierdie...  hoe hierdie ou se geluksprogram geskryf is, en Hy sê, jy, laat jou besittings gaan.  Nou sê ek, nee, ek kan nie.  Hy sê, jy, los jou pa en jou ma.  Trek uit jou huis uit.  Los jou vriende, nê.

Dit is...  laat dit gaan sodat jy kan oorgee aan My, dan gee Ek dit vir jou.  Dis wat Jesus in die gedeelte wat ons gelees het sê.  Hy sê I want you to relax, let go, let go, let go.  Moenie so gepreokkupeer wees nie.  Don't be so preoccupied.  Moenie so behep wees nie.  Moenie so verknog wees nie aan sekere goed nie.  Hy sê laat dit gaan en dan sal Ek vir jou gee, dan gee Ek vir jou.  Dis die paradoks van die lewe, en op 'n sekere manier dink ons ook aan die lewe so.

Dink 'n bietjie, as 'n ouer, daardie eerste keer toe jou tiener se hart gebreek is in liefde.  Julle jong ouens wat nou hier sit en jy is dalk in 'n kys, of ek weet nie wat noem julle dit vandag nie, 'n sleepsel of 'n...  dit verander so baie, 'n ou kan nie altyd byhou wat is die nuwe lingo vandag nie, maar jy weet, daardie dingetjie van jou, dinge loop skeef, so wat doen jy?  Jou hart is gebreek.

Party van ons begin eet, party van ons hou op eet.  Party van ons raak...  luister Def Leppard en maak...  verf die kamer swart en rock, en die ander ouens is doodstil, sit alles af, wil...  het geen aptyt eers meer vir Facebook nie, nê.  Ek meen, vreeslike goed gebeur met 'n mens, so wat is die raad van die ouer?  Ek praat nou nie van die pa nie, want die pa, as hy 'n dogter het, verloor dit gewoonlik.  As daardie mannetjie weer sy voete hier sit, jy weet, so haal jou pa uit.  Hy is nie lekker nou nie, maar wat sal iemand...  wat sê iemand wat by sy positiewe is, wat sê hy vir jou?

Hy sê vir jou, laat dit gaan.  Jy kan nie iemand dwing om jou lief te hê nie.  Jy kan nie iemand...  en hoe harder jy gaan probeer, hoe meer jy gaan vashou daaraan, hoe slegter gaan dit word.  Laat dit gaan.  As dit vir jou bedoel is dan sal dit terugkom na jou toe.  Huh, doen ons nie dit nie?  En dis wat Jesus leer.  Dis wat Jesus leer.  As jy iets in sy realiteit, in sy volheid wil hê moet jy dit laat gaan.


**© 2011 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com ◆

In die Griekse volksverhale lees ek hierdie week, is ‘n baie interessante storietjie van ‘n man op Kreta wat baie lief was vir die eiland. Hy was lief vir sy vrou en sy kinders en die aarde en die hele lewe, en toe sy tyd kom om dood te gaan was hy nie bang om dood te gaan nie, maar hy was baie hartseer want hy moet alles nou los, sy lewe wat vir hom so womderlik is.

En toe hy doodgaan toe vat hy 'n hand vol sand en hy vra hulle begrawe my asseblief met hierdie sand van Kreta in my hand, en hulle het dit gedoen, en toe hy sy oë oopmaak is hy by die poort, en Petrus is daar. Petrus maak die groot deur oop en hy sê vir hom jy kan inkom maar jy moet alles los wat jy het. Hy sê hoekom, dis my lewe, dis my herinnering. Dit is... ek kan nie verstaan hoekom moet ek dit los... wat gaan aan agter hierdie deure? Hy sê ek kan nie vir jou sê nie. Al wat ek vir jou kan sê is jy moet los. Jy moet alles los as jy hier wil inkom. Hy sê maar ek kan nie, en die deur gaan toe, en hy staan daar verdwaas.

Hy weet nie wat om te doen nie, en na ‘n rukkie gaan die deur oop en \n klein dogtertjie kom uitgehardloop en sy gryp hom aan die hand. Sy redeneer nie met hom nie, praat nie met hom nie, probeer hom nie oortuig nie, gryp hom aan sy hand. Sy hand gaan oop, die sand val uit, en hy vat haar deur die poort, en toe hy binnekant kom toe lê die hele Kreta voor hom. Dis die storietjie. Dis vir my interessant, dis so ‘n metafoor. Die kind sonder redenasie vat jou in. Jy moet soos ‘n kind word as jy in die Koninkryk wil gaan sê Jesus, en jy moet... as jy laat gaan dan kry jy dit in sy realiteit en in sy volheid, as jy dit kan laat gaan.

Nou luister hier, dit beteken nie ons moet ons behoefte, ons begeertes, doodmaak nie. Kyk, dit is wat die Boeddha geleer het. Die Boeddha het gesê die lewe gaan eintlik daarom om alle lyding in die wêreld weg te neem, en ons ly as gevolg van begeertes, desires, so jy moet desire van ontslae raak. Jy moet uiteindelik egoloos word, geen ego besit nie, dan sal jy nooit teleurgesteld kan word nie want jy verwag niks nie. Niks kan van jou weggeneem word nie want jy besit niks nie, maar dit is om uiteindelik binnekant totaal leeg, niks te word nie, is die lering van die Boeddha, en dit is wat Boeddhiste probeer doen deur die beoefening en deur alles waardeur hulle gaan.

Dit is nie wat Jesus geleer het nie. Jesus leer en sê en praat eintlik oor misplaasde, verkeerde begeertes. Hy het nie gesê dis verkeerd om iets te hê of iets te wil... maar om dit bo Hom te wil hê. Hy vra vir Petrus, Petrus, het jy my lief, Johannes 21:15. Het jy My waarlik lief, meer as hulle hier? Nou, ons kan dit maklik in die Afrikaans verkeerd verstaan. Petrus, het jy My meer lief as wat Johannes My liefhet? Dis nie wat Jesus hom vra nie. Het jy My meer lief as hulle hier? Die een... do you love Me more than these things? Do you love Me more than these? Het jy My meer lief as hulle, as alles hierso?

Het jy My meer lief as wat jy vir Johannes liefhet? Het jy My meer lief as wat jy jou boot liefhet? Het jy My meer lief as wat jy die see liefhet, Petrus? Het jy My meer lief as die geluksprogram wat jy geskryf het vir jou, hierdie manier van lewe? Het jy My meer lief as dit, as visvang, as lekker kuiers in die aande, as jou vriende, as jou lekker huis, as jou gemak, as jou gerief, as die orde wat jy geskep het, as jou tyd wat jy kan beheer?

Het jy My meer lief as jou ideologie? Het jy My meer lief as wat jy die Jodendom, as wat jy jou kultuur het, as wat jy jou volk het, as wat jy jou hobby het, as wat jy enige iets in jou lewe... Petrus, het jy My meer lief as enige iets anders in die lewe? Dis wat Jesus hom vra. Dis hoe ons gemaak is, en wanneer ons dit nie het in ons lewe nie dan ontspoor dit, dan ontspoor dit.

Verbeel jouself ‘n berg. Hy het ‘n groot fontein. Hy het ‘n hoofbron, en uit daardie hooffontein uit is daar baie ander fonteintjies wat ook vloei. Ons moet uit die hoofbron uit put en water pomp. As jy uit ‘n systroom uit begin te leef vind jy jy slaan gou modderwater. Jy kan nie versadig word daar nie, so dis nie verkeerd nie.

Die karre is nie verkeerd nie. Die huise is nie verkeerd nie. Die gemak is nie verkeerd nie, maar het jy dit... is dit jou hoofbron waaruit jy begin te leef? Is dit waarom jou lewe begin te draai? Probleme vir jou. Probleme. Jy is gebind. Die wêreld gaan na jou toe kom en groot toetse jou pad... jy kan... jy gaan benoud, bekommerd, gevangene bly, en jy gaan nie kan leef nie.

Jesus sê laat dit gaan, laat dit gaan. Don’t be so preoccupied. As jy gepreokkupeer is is jy ook glad nie teenwoordig nie. Jy is opgeneem. Ons is altyd besig, êrens heen op pad. Baie van ons... min... is... min van ons is hier. Ons is altyd op pad, in ons kop besig met gister, met môre, met al die goed. Ons kan nie blydskap kry so nie. Ons kan nooit leef nie. Laat dit gaan. Kom nou hiernatoe. Wees nou saam met Hom.

Jy kan daar, in daardie oomblik, in nou kan jy dit kry by Hom wat saam met jou is. Hy sê Ek sal dit vir jou gee. Dit is die paradoks van die Christen lewe. As jy hierdie lewe wat jy vir jouself gebou het, hierdie geluksprogram wat jy


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

geskryf het, alles wat jy so goed beheer, as jy dit laat gaan, sê Jesus, wie sy lewe red sal dit verloor, maar wie sy lewe verloor om My ontwil, hy sal dit vind, sê Jesus.

Nou, hoe doen ons dit? Hoe kry ek dit reg? Wel, die meeste van ons word eers regtig gedryf om ons geluksprogramme te bevraagteken as die lewe verkeerd begin te loop. Miskien is dit deur net ‘n sluimerende onvervuldheid soos daardie ryk jong man, niks dramaties nie, maar by party van ons loop die lewe dramaties verkeerd, en as jy vanmôre diep ongelukkig is dan vra ek vir jou of dit nie dalk met een van hierdie drie goed te doen het nie.

Jy kan nie doen wat jy nou wil doen nie. Jy kan dit nie beheer nie. Dis buite jou beheer. Jy het skielik wakker geword en besef beheer is ‘n illusie. Die lewe het nou goed my pad langs gebring waaroor ek nie beheer het nie. Of dis in ‘n verhouding. Ek kry nie wat ek wil nie. Die een wil dit nie vir my gee nie. Of dit het te doen met jou sekuriteit en met dit wat jy besit. Jy kry nie wat jy wil hê nie of jy is besig om te verloor iets was baie belangrik is vir jou en jy sien nie kans om die lewe in te gaan sonder dit nie.

Dis dan, wanneer daardie pyn groot word in jou, wat jy begin vrae vra. Nou kyk, baie van ons vra net, Here, help my. Maak dit reg. Laat my... gee my net weer beheer. Verander net daardie persoon, en baie van ons gebede word nie verhoor nie omdat die Here sê, weet jy wat, eintlik wil ek nou hê jy moet verander. Let it go. Ontdek jy het dit nie nodig om te lewe nie. Ontdek en leer om uit My uit te leef is jou bron, want dis die wonder van hierdie hele ding wat gebeur.

Ek kan nie sonder jou leef nie. Ek verloor jou. Weet jy wat, ek is nog daar. Ek het nie gedisintegreer toe hy gaan nie. Ek is nog ek. Ek kan ‘n nuwe lewe begin te bou. Ek begin op ‘n nuwe manier die lewe te ontdek in God, en op hierdie manier kom ek... al hoe meer en meer vind ek my blydskap in die Here, doen ek daardie ding wat Paulus sê, wees bly in die Here. Wees bly in die Here. Kry daardie goed binne in jouself. Dis die hoogste vorm van lewe wat daar is.

Dis great om dit te kry in iets wat die Here vir jou gee, maar daar is ‘n groter vorm van blydskap, en dis die blydskap wat jy in die Here self kry, nie net vir dit wat Hy vir jou gee nie, vir dit wie Hy is en dit wie jy is in wat Hy vir jou gegee het. Dis in die gees. Dis in die gees, en dis moontlik, en dis die lewe waartoe ons opgeroep word. Dis deel van ons geestelike groei, is om al hoe meer aan God oorgegee te wees, en uit die gees uit uit daardie plek te begin te leef saam met God, en jy kan dit ontdek. Jy kan dit ontdek. Dis nou wat met my... ek laat dit gaan.

Jy weet, ons kry klein oefeningtjies. Deur die dag bring die lewe vir ons goedjies in. Ek het nie beheer nie. Jy weet, ‘n taxi wat voor my inge... ek het nie beheer nie. Wat gaan ek doen? Kontrole neem. Toet, toet! Leer hom ‘n les. Trek hom af. Spuit hom pepper, jy weet, help hom, or I can let go. Dis ‘n opsie. Moeliker, maar dis ‘n opsie. Kyk, dis vreeslik maklik. Dis vreeslik eenvoudig, maar dis nie maklik nie. Dis ‘n deel van die geestelike weg. Dis eenvoudig, kindertjies, maar dis nie so maklik nie.

Nou, jy let go nie net een keer in jou lewe nie. Jy het spiere wat jy moet oefen, en jy kan... en jy moet leer om dit te doen sodat jy dit in die lewe kan laat aangaan waarin jy agterkom, maar kyk nou wat is besig om met my te gebeur. Kyk wat doen ek en waarmee is ek besig. Ek is weer besig om te verbind, om te verkleef, om verknog te raak, en ek wil dit laat gaan. Hier is ‘n oefening. Dis ‘n baie ou oefening. Dis ‘n manier van bid. Ons kry die spore daarvan al in die derde eeu, in die middeleeue, soos die oefening wat Trevor met ons verlede week gedoen het, het dit sy hoogtepunt gekry, en vandag is daar weer ‘n groot oplewing in die wêreld oor hierdie manier. Dis die stil gebed. Teresa van Avila het dit genoem die stil gebed.

Dit beteken basies dat ek nie vra vir die Here nie, dat ek ook nie net op ‘n plek is waar ek wil gemeenskap hê met Hom en luister wat Hy vir my sê nie, maar wat ek net by die Here sit en stil raak in my binneste en alles laat gaan, alles laat gaan, want kyk, dit is mos waar die verknogtheid en die attachments is. Dis hier. Dis hier. Dis met my preokkupasie waarmee Jesus sê, relax, don’t be so preoccupied. Let it go. Laat dit gaan. Gaan na jou binnekamer toe, raak stil, nie net uiterlik stil nie maar raak binnekant stil, hier waar jy so gepreokkupeerd is, laat dit ook gaan sodat ek net kan wees by die Here.

Hier is ‘n metafoor om hierdie manier van gebed te verduidelik. Jy is ‘n duiker. ‘n Duiker sal weet dat jy dadelik moet afdaal as jy in die water is. As jy bo lê is nie lekker nie. Ek het ‘n bietjie bewegingsiekte en ek sê vir jou, as hom bo slaan begin ek dadelik swem. As jy daar lê raak jy siek. Dis op en af, en dis gevaarlik. Hier ry bote hier verby en alles. Jy word... jy moet dadelik sak in die dieptes in. Gaan na jou binnekant toe, jou binnekamer, Matteus 6:6, net so terloops, is nie ‘n letterlike... daar was nie binnekamers daardie tyd nie. Dis ‘n metaforiese uitdrukking van Jesus. Gaan na jou binnekamer toe. Sak af.


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Nou, vir party van ons gaan die water pikdonker wees. Ons het nog nooit 'n waarnemer gehad... ons het nog nooit waargeneem wat in die stroom van ons bewussyn aangaan nie. Dit is die mense wat so onverhoeds betrap word, jy kry hulle hier in die midlife, wat sê ek het nooit gedink dit kan met my gebeur nie. Dis die ouens wat nog die heeltyd in murky water geswem het, nog nooit... hy weet nie wat hy dink nie, hy weet nie wat hy voel nie, dan word hy skielik oordag oorweldig deur hierdie diep desires en hierdie groot begeertes wat hom insluk, en hy sê ek het nie beheer nie.

Dis omdat jy nog nooit 'n waarmener gehad het nie. Jou water was nog altyd onduidelik. Dis hoekom dit so krities belangrik is om te duik, in jou binnekant in te gaan, op die inner journey te gaan, stil te raak, sodat die water en die goed net kan afsak en sodat jy kan kyk, en jy gaan iets sien op die skerm van jou bewussyn. Bote gaan daar verbykom, beelde, kom ons noem dit gedagtes. Jy weet, daar kom klein bootjies, roeibootjies, verby. Hulle is nie belangrik nie. Jy kan hulle sommer maklik laat gaan, want kyk, dis waaroor hierdie gebed gaan. Ek laat gaan. Ek laat gaan. Alles laat gaan ek. Die doel is nie om niks te dink nie. Die doel is om nie vas te hou aan enige iets nie en my intensie om met God te wees te bevestig, so ek laat dit net gaan.

Klein bootjie, onthou die hoender in die oond. Klein dingetjie, laat gaan. Ons moet klaarmaak, daar is rugby. Klein gedagtetjie, laat gaan. Nee, hy is klein. Okay, hy is groot, ek gaan gou maak, maar dan kry jy, wat noem 'n ou hierdie groot bote, hierdie oorlogskepe met sommer so 'n klomp... 'n fregat. Party van ons het 'n fregat wat hier deurgaan nê. Dit is 'n geraas en dit is 'n gestoom en 'n geblaas, en dit is 'n stroom wat jou... daar is gedagtes wat jy kry wat emosioneel sterk belaai is, party met wonderlike goed wat jou aantrek, party met bad goed wat jou baie sleg laat voel. Dit maak nie saak nie. Moenie vashou nie. Laat dit gaan.

Kyk, dit is 'n ongelooflike psigiese dinamika wat losgemaak word deur hierdie oefening. Jy is nie jou gevoelens nie. Jy is nie jou gedagtes nie. 'n Sielkundige definisie van duiwelse besetenheid of duiwelse binding is wanneer jy en jou gedates een raak en jy nie meer kan onderskei tussen jou emosies en jou gedagtes nie. Dan is jy gebind, en as dit erg is is jy besete. Vra almal wat moord pleeg of iets doen. Ek het die gedagte gekry en toe doen ek dit. Maar hoekom, dis net 'n gedagte? Maar ek kan nie help nie, dis hoe ek gedink het. Stem gehoor, ek is die een met die stem. Dis besetenheid, so jy oefen dit, jy kry daardie afstand.

Van die moeilikste is natuurlik self-evaluerende gedagtes. Hoe doen ek nou? Hey, ek doen all right, of, jis, ek kry dit nie reg nie. Laat elke gedagte gaan. Resist no thought. Moenie 'n gedagte probeer veg nie. Hoe meer jy hom veg hoe sterker raak hy. Retain no thought. Moenie vashaak nie. Moenie aan 'n bootjie begin te hang nie. React emotionally to no thought. Ek reageer nie. Dis 'n gedagte, laat hom gaan. Return, ever so gently return na God toe, en die manier waarop jy dit doen is deur 'n kort gebed.

Jou gebed kan net 'n woord wees, Jesus. Jy weet, daar is... weet julle wat is een van die oudste kort gebede van die kerk? Maranata. 1 Korintiërs 16:22. Maranata. Die eerste kerk het dit gebid. Dit beteken kom, o my Heer. Dis Aramees. Dis die taal wat Jesus gepraat het. Maranata. Dis 'n manier van bid waarin, duisende, ek dink dalk 'n paar miljoen mense regoor die wêreld, 'n vorm van gebed wat hulle bid, net Maranata. Die oomblik as ek bewus raak dat my gedagtes dwaal, dat ek aan iets anderster dink, dan gebruik ek my gebedswoord, my kort gebed, om net weer my intensie te bevestig. Dis nie 'n gebed van fokus nie. Dis nie nou fokus ek op Jesus nie.

Volgende week gaan Trevor met ons praat oor 'n manier van fokus wat kragtig is. Dis baie belangrik. Hierdie is iets anderster. Dit is nie fokus nie. Dit intensie. It's intention, not attention. Dis my intensie wat ek bevestig. Jesus. Maranata. Ek wil net nou hier by Hom wees. Jy doen dit vir tien, ouens wat lank doen sê 20 minute op 'n slag. Ek weet nie of jy dadelik dit sal regkry nie, en dan sê jy net die Onse Vader as jy klaar is, dis dit.

Kom ek sê vir u dat daar nie 'n fenomeen is in godsdiens waarvan ek weet wat mense se verbeelding meer aangegryp het as dit nie. Jy weet, die Crusades, jy weet, oor die kole loop, al daardie goed, al daardie goed is deur wetenskaplikes al nagevors. Mense probeer uitvind wat is dit. Kyk, jy kry die gelowiges wat wil God bewys. Jy kry mense wat nie in God glo nie wat kyk of hulle God kan vind deur dit. Ek dink nie jy gaan ooit kan nie want jy probeer die effek van die wind bepaal. Jy gaan nooit jou vinger op die wind kan lê nie. Jy gaan nooit die wind kan vasvat nie.

Die Gees waai waar Hy wil en Hy werk soos Hy wil, maar jy kan Sy effek sien. As Hy deur 'n boom gaan dan los Hy blare, en die navorsing wat gedoen is op mense wat op hierdie manier bid is fenomenaal. Wat fisies gebeur, breinfunksionering verander. Dis ongelooflik. Bloeddruk val en en skuif deur mense wat dit doen. Emosioneel, happiness set point wat ons almal het skuif. 'n Integrasie wat plaasvind. Een van die sielkundiges wat dit


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

nagevors het sê dit is asof mense wat dit doen 'n innerlike vergadering hou. Onbewustelik gebeur dit dat die gewete praat met die intuïsie, praat met die denke en die emosies.

Hulle kom sit almal om hulle tafel en dan hou hulle vergadering en dan kom hulle ooreen, okay, so gaan ons werk, en dit is wat jy noem vrede, en dan kom daar stilte binne in jou en dan voel jy okay, en dan voel jy, okay, kom ons doen dit. Anderster is jy die heeltyd verskeurd. Nee, ek wil dit doen. Nee, maar nou dat ek daaraan dink dan wil ek dit doen. Nee, maar nou dat ek voel hoe is dit nie meer vir my lekker nie, jy weet, en jy is so deurmekaar. Jy is... jy weet, daar is choas in jou binnekant, maar as jy dit doen, een van die goed wat gebeur is ons kan aangaan. Ons kan aangaan geestelik.

Een van my vriende sê dis soos om 'n high definition kleurtelevisie in te kry. Hy is 'n ou man. Hy is so 80. Ek neem aan hy het met televisie begin toe hulle kleur... toe hulle nie kleurtelevisie gehad het nie, en my vermoede was hy het hom gehou, die ding het nie ingegee nie, tot hy ingee, en toe hy ingee toe is dit al tyd vir high definition, toe kry hy high defintion, toe skrik hy hom wit, toe sien hy, jis, maar kyk hier wat kan hier gebeur, jy weet, toe sê hy maar dit is hoe die lewe word as jy hierdie gebed begin te bid. God... dis 'n bewussyn wat skuif. God is daar in elke oomblik van my dag.

Weet julle wat is een van die goed? Ek wil dit so verduidelik en ek wil afsluit. Dis soos 'n potjie. Julle het al pap gemaak in die aand, nou in 'n driepoot pot, nê, dan brand hy mos altyd aan om die vuur en daar is 'n afbrandsel wat jy nie los kry nie. Jy moet water ingooi tot die volgende oggend dan kom daardie aanbrandsel los, nê. Dis hoe hierdie gebed werk.

Hy werk geleidelik, diepsinnig, maar kragtig. Hy is transformerend van aard. Hy maak daardie geluksprogramme van jou los. Hy maak jou... die goed van jou onderbewussyn, dis natuurlik die ander goed wat kan opkom, kom op, en dit kom skielik op die radar, en skielik kom dit na die stroom van jou bewussyn toe. Vreemde goed begin te gebeur. Dis genesend. Dis herstellend. Dis bevrydend. Dis defnitief deel van God se transformasieproses. Dis defnitief deel, 'n manier van hoe ons saam met God kan werk dat Hy ons verander. Defnitief. Die aanpaksel en die aanbrandsel kom los en dan kan gedeel word daarmee.

So wat moet jy laat gaan? Wat moet jy laat gaan? Is dit nie 'n oefening wat ons van tyd tot tyd moet doen nie? Die persoon met wie ek van julle gepraat het staan elke dag op en sê wat moet ek vandag laat gaan. Wat moet ek laat gaan? Jou beheer, 'n persoon, die verlede, jou verliese, die toekoms, jou bekommernis, jou benoudheid, jou ideologie, jou bediening, jou bediening waaraan jy so vashou, jou plek, jou omgewing, jou geordendheid, jou tyd? Moet net nie inbraak maak op my tyd nie. Moet net nie vir my iets vra van my tyd nie. Jou geld laat ek gaan.

Dis natuurlik een van die redes hoekom die Here die tiendes ingestel het. In Deuteronomium sê Hy sodat jy kan weet dat Ek jou bron is. Dit is hoekom jy moet gedurigdeur hulle moet laat gaan van die geld, dat jy kan weet dit kom nie van jou... dit is nie jou insig nie. Dis nie jou brightness nie. Dis nie jou krag nie. Dis alles wat Ek jou gee. Daardie intelligensie, daardie toevallighede, daardie deure wat oopgaan, Ek is agter alles, sê die Here. Laat dit gaan. Laat gaan. Wat moet jy laat gaan?

Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dat ons hier kan saam wees. Dankie dat U in ons midde is. Dankie vir die Woord wat 'n lig is vir ons pad. Dankie vir iets van die lewe waartoe ons geroep is vir ons vanmôre kan oopgaan. U ken ons pyn. U weet wat ons geneigdheid is. U ken ons geluksprogram. Maak dit vir ons ook duidelik, Here. Oortuig ons daarvan. Gee vir ons 'n diep insig daarin. Help ons om dit te laat gaan. Help ons om vry te wees. Help ons om lig deur die lewe te gaan. Help ons om die diepe blydskap in U te kan vind. Ek vra dit in die naam van Jesus, amen.

Mag die blydskap van die Heilige Gees met elkeen van julle wees en bly, amen.

die kuns van lewe


**© 2011 Mosaïek**